# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 5 OKTOBER 2025

**SEWENTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Bejaardes***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**2 Timoteus 2:8-15; Jeremia 29:1, 4-7; Psalm 66:1-12;**
**Lukas 17:11-19; 2 Konings 5:1-3, 7-15c; Psalm 111:1-10**

| **SONDAG, 5 OKTOBER** |
|---|
| BIDDAG VIR BEJAARDES<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Gemeente eie fondse<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br><br>**GEEN**<br>• Kleuter- & Kinderkerk<br>• Senior Kategese<br>• Gemeentetee in saal |
| **MAANDAG, 6 OKTOBER** |
| |
| **DINSDAG, 7 OKTOBER** |
| |
| **WOENSDAG, 8 OKTOBER** |
| |
| **DONDERDAG, 9 OKTOBER** |
| **Sopbeurte**: Marietjie Mostert, Mariana van Schalkwyk, Ronelda Visser, Joanie Hall, Riana van Niekerk, Nadia de Koker |
| **VRYDAG, 10 OKTOBER** |
| |
| **SATERDAG, 11 OKTOBER** |
| |

| SONDAG, 12 OKTOBER | |
|---|---|
| | AGTTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>PREDIKANTE WAARDERINGSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Gemeente eie fondse<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman |
| | **GEEN**<br>• Kleuter- & Kinderkerk<br>• Senior Kategese<br>• Gemeentetee in saal |

# GEMEENTENUUS



1. Vanoggend word die volgende baba's gedoop:
   Zian Engelbrecht, seuntijie van Christiaan en Stefanie Engelbrecht (Waboomlaan).
   Zimari Louw, dogtertjie van Jaco en Clariska Louw (Brackenfell). Johan en Amanda Kotzé is die grootouers.
   Darius Smit, seuntjie van Jacobus en Kaylin Smit (Durbanville). Gawie en Zelma du Toit is die grootouers.
2. Ds Johan ondergaan in die komende week 'n operasie.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



05/10 Lorraine Louw, Piet Gründlingh, Tertius le Roux
06/10 Jerome Losper, Trevor Langridge, Rentia Kleinhans, Juanita Geyer, Francien Johannes
07/10 Margaret Valentine, Ronelda Visser, Christie Myburgh(82), Fafa Kotze, Botha Vorster, Shariska Nel
08/10 Flip Hugo(80), Gian Engels, Darryl-Lee Arendse
09/10 Antoinette Herselman, Anke Basson, Kuyper Albertyn, Mari Botma
10/10 Johan en Louise Bezuidenhout, William Robertson, Sindie Nell, Anchün van Wyk, Daniël de Kock
11/10 Zanika de Mon, Amor Neethling, Lucian van Huyssteen, Rosslyn Abrahams

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris is weer vanaf Dinsdag 7 Okt 2025 aan diens.
2. Die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het 'n deeltydse pos (50%) beskikbaar in Stellenbosch vir 'n Seminarium Koördineerder. Sien kennisgewingborde vir volledige inligting en aansoekvorm is by die kerkkantoor beskikbaar.

# TIENDE MAAND DANKOFFER KOEVERTE

Die Tiende Maand Dankoffer koeverte is na die blokleiers en dienswerkers versprei.

Die dankofferinsameling vind plaas op Sondag 26 Oktober 2025.

Kontak gerus jou blokleier of dienswerker indien jy nie ‘n koevert ontvang nie.

# AKSIE SAMARITAAN

## AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK




Die Kersafsluiting is vanjaar op 14 Desember 2025. Ten einde die geleentheid vir die Sondagskool kinders spesiaal te maak, wil ons graag verseker dat elkeen ‘n geskenkpakkie ontvang.

Indien jy bereid is om vir hierdie doel ‘n kind aan te neem, kontak vir Jakkie by 0824533862. Sy sal jou dan van ‘n bladsy voorsien met die kind se besonderhede en wat die kind by Kersvader vra.

Indien jy besluit om ‘n kind te borg moet jou geskenkpakkie asb die volgende insluit:

1. Geskenkie van keuse
2. Stelletjie klere
3. Pakkie onderbroekies/panties
4. Paar somer skoene (plakkies)
5. Tandeborsel
6. Tandepaste
7. Waslap
8. Seep
9. Pakkie lekkergoed
10. Indien die kind skoolgaande is, hulp mbt skryfbehoeftes. As jy kan, ook ‘n skoolrugsak.

Alle geskenkpakkies moet asb teen Vrydag 5 Desember by Jakkie of kerkkantoor afgegee wees. Jy kan die geskenkie toedraai maar die ander items kan net so gegee word. Ons het groot Kersfees sakke gekoop waarin ons elke kind se hele pak gaan plaas met sy/haar naam daarop. Baie dankie vir jou diensbare bereidwilligheid. God seën.

# UIT DIE BEEK 2026

Die gewilde UIT DIE BEEK kan nou vir 2026 bestel word. Die normale prys gaan R270 wees, maar as jy teen Maandag 13 Oktober 2025 jou bestelling by die kerkkantoor plaas, betaal jy slegs R230.

In hierdie uitgawe van *Uit die Beek* begin ons ons reis by Genesis en lees in die Ou en Nuwe Testament. Soos gewoonlik word die belangrikste seisoene van die kerkjaar in ag geneem met ’n spesiale boodskap vir Lydenstyd, Paasfees, Pinkster, Koninkrykstyd, Advent en Kersfees.

Die skrywer is Stephan Joubert.

Kontak die kerkkantoor so spoedig moontlik om jou bestelling te plaas.

# HUIS DE KUILEN BUITELUGFEES

Huis de Kuilen hou op Saterdag 25 Oktober 2025 Buitelugfees.

Hulle vra donasies van die volgende bestanddele:



# PREEKSKETS - SONDAG

**TEMA – "EK SAL VIR JOU 'N GOD WEES"**



**Prediker**: Ds Johan Janse van Rensburg

**Skriflesing:** Genesis 17:7–8

Ons leef in 'n wêreld waar mense mekaar meet aan wat op 'n CV staan – jou kwalifikasies, jou werkservaring, jou prestasies, selfs jou unieke persoonlikheidseienskappe. Ons voel dikwels net so goed soos die resensies wat ons kry, of die titels wat ons dra. Maar as dit die bron van ons identiteit is, word ons vasgevang in 'n eindelose kringloop van bewys en vergelyk.

Die doop herinner ons: jy is nie jou CV nie. Jy is nie jou prestasies of mislukkings nie. Jy is nie eers die som van jou sterk punte en swakhede nie. Jou ware identiteit lê nie in wat jy doen nie, maar in wat God oor jou sê. En in die doop hoor ons daardie stem weer helder: "Ek is jou God. **Jy is my kind.**"

**Die hart van die verbond – God se belofte**

Toe God aan Abraham verskyn in Genesis 17, sê Hy:

"Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag."

Hier lê die kern van die evangelie: God verbind Homself aan mense. Nie omdat hulle dit verdien nie, nie omdat hulle Hom eerste gesoek het nie – maar omdat Hy uit genade kies om die God van sy volk te wees.

**Die kindertjies en Jesus**

Toe mense kinders na Jesus bring, wou die dissipels hulle wegwys. Maar Jesus het gesê:

"Laat die kindertjies na My toe kom, moet hulle nie verhinder nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God." (Markus 10:14) God wag nie totdat 'n kind groot genoeg is om te verstaan of gereed is om keuses te maak nie. Hy kom eerste. Hy omhels. Hy seën. Hy sê: "Jy is myne."

**God se beloftes en ons antwoord**

God se verbond het altyd twee kante. Hierdie kind wat vandag gedoop word, ontvang God se beloftes in volle erns. Maar die Here roep hom/haar ook om later in geloof daarop te antwoord. Dis waarom ouers en gemeente saam belofte aflê om hierdie kind groot te maak in die geloof

– sodat hy/sy kan leer wie sy God is, en uiteindelik self kan sê: “Ja, Here, U is my God, en ek wil U kind wees.”

**Wat beteken my doop vir my?**

Sê die doop iets van ons? Nee, absoluut niks. Dit sê alles van God. Van God wat uitkies en God wat gee en God wat doen. Dit sê alles van God wat inisiatief neem. Met elke doop hoor ons ook weer opnuut: Hy het ook my gekies en gekies om Hom aan my te verbind. En aan ons kinders. Almal sonder dat een van ons dit verdien. Om die doop werklik te verstaan moet ons elkeen besef: ek het niks wat God nodig het nie. Ek is net ’n ontvanger van genade op genade, en my lewenspad is onherroeplik ingevleg in God se verhaal.

Dit is God se ewige belofte aan ons: “Ek is jou God, en jy is my kind.”

Mag die water van die doop nie net oor die dooplinge se voorkop vloei nie, maar ook ons harte herinner dat ons God se eiendom is. Kom ons leef dan daagliks soos kinders van die Hemelse Vader – geliefd, gekoester, en geroep om Hom te volg.